Ouerbrief 1/2021

Beste Ouers en leerders

Ons spreek die hoop uit dat u en u gesin ‘n aangename ruskansie gehad het en reg sal wees vir al die uitdagings wat die nuwe kwartaal vir ons almal mag inhou! ‘n Spesiale woord van verwelkoming aan alle nuwe ouers wat by ons aangesluit het. Ons hoop dat u gou sal deel voel van ons skool en gemeenskap.

PERSONEEL

Die volgende personeellede is aangestel in vakante poste

Me Kirsten Datnow (Rekeningkunde, Besigheidstudie en EBW)
Me Sonet Rall (Skeppende kunste)
Me Melissa Swanepoel (Geografie en NW)

Ons wens hulle alles van die beste toe by Hoërskool Diamantveld.

GRAAD 8

‘n Besondere woord van verwelkoming aan die Gr 8’s, asook ander nuwe leerders en hulle ouers in die Diamantveld gemeenskap. Ons vertrou dat julle vinnig sal inskakel en gelukkig sal wees. Ouers, u word uitgenooi om betrokke te raak by aktiwiteite. U moet asb. die vrymoedigheid neem om enige probleme onder die skool se aandag te bring. Kontak registeronderwyser in dié verband.

Een van die mooiste en lekkerste oomblikke jaarliks is die klompie nuwe kinders wat by Hoërskool Diamantveld aansluit. In hul oë is daar `n ander vonkel as die van die matrieks.Die matrieks se vonkel is die uitdagings van lewe na skool en die graad 8`s s’n is iets nuut, afwagting, wat alle voorlê, onsekerheid, miskien bangheid; in die meeste gevalle opgewondenheid wat die groot skool inhou, die oë glinster. Ouers, dit is ons en u verantwoordelikheid om toe te sien dat die vonkel daar bly. `n Stukkie simboliek by Diamantveld is die idee dat die kinders as ongeslypte klippies inkom en as pragtige diamante die skool verlaat.

Die kinders gaan in `n baie onstuimige deel van hul lewe in, naamlik die pad na volwassenheid en die pad wat hul loop bepaal in baie gevalle die tipe bestemming wat hul gaan bereik.
In die slypproses skuur hulle teen mekaar, teen onderwysers of gesag en teen u as ouers en dit moet so wees, want dit is die slypproses en dit is nie aldag maanskyn en rose nie. Dit is `n groeiproses.

AKADEMIE

Baie geluk aan almal wat hard gewerk en mooi presteer het gedurende 2020.

Ons kernbesigheid is akademie en elke ouer, leerder en onderwyser moet deurlopende doelwitte stel om beter akademiese prestasie te verseker. U moet die kommunikasiekanale met u kinders daagliks oophou en hul tot hoër hoogtes aanspoor.

Daaglikse huiswerk en weeklikse hersiening is instrumenteel in die strewe na sukses. Kontroleer asseblief u kinders se boeke, hulle sal daagliks huiswerk kry.

Vir ons is geen vorm van middelmatigheid aanvaarbaar nie, veral ook nie as dit by akademie kom nie.Sukses kom nie oornag nie, as hulle elke dag `n bietjie beter as die vorige dag doen tel alles op…..

Ek het, soos in die verlede, met klasbesoeke gedurende 2020 opnuut besef in watter uitstekende hande u kind gedurende skoolure is en daarvoor bedank ek die personeel van Hoërskool Diamantveld opreg.

Ek gee `n kort opsomming van die akademiese uitslae van 2020

Graad 8: 176 het geskryf; 96,59% het geslaag met `n graadgemiddelde van 63,32%

Graad 9: 121 het geskryf; 99,17% het geslaag met `n graadgemiddelde van 60,68%,

Graad 10: 142 het geskryf; 97,18% het geslaag met `n graadgemiddelde van 63,1%,

Graad 11: 140 het geskryf; 99,29% het geslaag met `n graadgemiddelde van 64,3%,

Gr 12: Uitslae word einde Februarie verwag en sal deurgegee word.

Die skole **heropen 15 Februarie** as gevolg van die pandemie. Tesame met moontlike protesoptogte later vanjaar raak die akademiese tyd, veral vir matrieks, al hoe minder. Bespreek asseblief u kind se rapport met hom/haar op 'n opbouende wyse. Motiveer asseblief u kind om te alle tye `n werksetiek te handhaaf.

Ons mag nie die Coronavirus en protesoptogte gebruik as `n rede vir mislukking op enige gebied nie. Soos wat die pandemie homself uitspeel sal agterstande uitgewis word. Ek hou u op hoogte soos inligting/opdragte van die department ontvang word.

Tans beplan ons nie om enige kultuur-of sportprogram te volg nie.

VOORKOMS

Mag ek vra, ouers, dat julle die laaste week van die vakansie gebruik om die kinders se voorkoms weer skoolwaardig te kry. Dis die uiterlike teken van respek vir jou skool.

SELFOON

Ons vra dat ouers ernstig met hul kinders praat oor die gebruik van selfone. Die gevare van onverantwoordelike gebruik van sosiale media en die heen en weer stuur van snedige boodskappe en onwelvoeglike foto`s is vir ons `n bron van kommer. Die gevolge van hierdie onverantwoordelike gebruik is `n skrikwekkende werklikheid.

Weet wat op u kind se selfoon aangaan? Die beste bestuur en beheer kom van die ouerhuis. Vanaf Diamantveld se kant sal ons kundigheid inkry om met kinders, personeel en later ouers te gesels. Ons moet hande neem en die kinders teen hulself beskerm!

HANDBOEKE

Ons beplan om handboeke reeds voor 15 Februarie uit te deel en gaan inligting hieroor binnekort deurgee op die onderskeie platforms.

KOMMUNIKASIE

Effektiewe kommunikasie dra by tot die spoedige oplos van navrae. Verseker dat die skool te alle tye u en u kind se nuutste selfoonnommer en e-posadres het.
Akademiese navrae: Graadhoof
Gr 8: Mnr Kirsten
Gr 9: Mnr Louw
Gr 10: Me Alexander
Gr 11: Me Holtzhausen
Gr 12: Me Groenewald
Vakveranderings Gr 10-12: Me Scheepers
Dissiplinêre probleme: Me Viljoen

AKADEMIESE BEPLANNING

Die model wat ons gaan gebruik is dat die **matrieks** elke dag vanaf 07:15 tot 14:30 `n vaste rooster gaan volg.
Die grade 8 tot 11 volg die rooster soos onder aangedui.

Rooster: 9-dag siklus en 6 periodes per dag

2 Sessies per dag **(peletonering)**

Vanne A – L

Tyd: 7:15 – 10:45 = registerklas(15 leerders), 3 periodes (elk 30 min), pouse (15), 3 periodes (elk 30 min)

Vanne M - Z

Tyd: 11:00 – 14:30= registerklas(15 leerders), 3 periodes (elk 30 min), pouse(15 min), 3 periodes (elk 30 min)

Daar is logistieke probleme met die model, maar ons sal graag elke dag kontak met u kinders wil hê. Die model mag mettertyd aangepas word, veral tydens toetse.

U kind se veiligheid en gesondheid is ononderhandelbaar en ek gee graag die volgende reëlings deur om die terugkeer so glad moontlik en met die nodige sorg en erns te bewerkstellig.

1. Slegs leerders met maskers sal op die skoolterrein toegelaat word. Een Diamantveld-lapmasker sal aan elke nuwe leerder voorsien word op die eerste dag terug. Die NKOD sal ook aan nuwe leerders voorsien, u moet sorg vir ekstra maskers. Wys asseblief u kind hoe om die masker korrek te dra sodat hulle gemaklik en voorbereid is vir skool-heropening.
2. Die valhek sal toe bly en slegs personeel mag met hul motors die terrein betree. Laai asseblief u kind in Voortrekkerstraat af en ry deur om die vloei van verkeer te verseker.
3. Geen leerder sal voor 06:30 op die terrein toegelaat word nie. Doen telefonies navrae waar moontlik. Ons wil die aantal mense op die skoolterrein tot `n minimum beperk.
4. Die grade het verskillende toegangspunte wat duidelik gemerk sal wees, met personeel op diens wat die leerders veral op die eerste dag behulpsaam sal wees.
5. Alle personeel, leerders en besoekers sal daagliks geskandeer word en sy/haar temperatuur sal aangeteken word. Handsanitasie is verpligtend en sal beskikbaar wees. Indien u kind se temperatuur bo 38 grade is, sal ons hom/haar isoleer en dan vir u vra om hom/haar te kom haal. Indien u kind siek is **MOET** hy/sy by die huis bly.
6. Wys u kind asseblief op die gevare van samedromming en dat hulle `n veilige afstand (1,5m) van mekaar moet bly.
7. Daar sal geen buitemuurse program wees nie en na skoolsluiting moet alle leerders asseblief die terrein verlaat.
8. Die skool en altwee koshuise is deeglik ontsmet en word ook daagliks deur DHS-personeel en werkers ontsmet. Personeel sal hande saniteer soos leerders klas betree.
9. Omrede sosiale distansiëring `n probleem is word busvervoer sover moontlik ontmoedig en eerder saamrygeleenthede tussen ouers as moontlike oplossing voorstel.
10. Indien u kind nie die reëls gehoorsaam nie, sal u gekontak word om hom/haar te kom haal. Dit is `n veiligheidsmaatreël en sal streng toegepas word.

LC VICTOR
SKOOLHOOF
2021-02-05